Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

**NUUSBRIEF 9/4/2021**

# VOORKOMSINSPEKSIE

**Tydens die week van 12-16 April gaan daar voorkomsinspeksie plaasvind. Indien 'n leerder se voorkoms nie korrek is nie, sal die leerder 'n brief ontvang. Die leerder sal dan binne die tyd, soos aangedui op die brief, die voorkoms moet regmaak. Indien die voorkoms nie gekorrigeer word nie, sal leerders huis toe gestuur word. Vergewis u asseblief van die voorkomsreëls soos uiteengesit in die Gedragskode van die skool en in u kind se dagboekie.**

# SKOONMAAK VAN DIENSPAD

**Graag nooi die Beheerliggaam enige ouers of leerders uit om op Saterdag, 10 April (6:00) te kom help om die dienspad na die skool se hoofhek skoon te maak. Alhoewel die dienspad nie deel van die skoolgronde is nie, word dit direk gekoppel aan ons skool. Die Beheerliggaam beplan om die pad skoon te maak en te beplant met geharde vetplante. Enige skenkings van vetplante is ook welkom.**

# WINTERSPORT 2021

Dit is met groot opgewondenheid dat leerders weer begin oefen aan die wintersporte. Gedurende hierdie tyd vind daar ook dan proewe plaas. Ongelukkig veroorsaak dit dat leerders nie altyd die span behaal wat hul graag wou nie. Ons vra u as ouers om u kind aan te moedig om, maak nie saak tot watter span hul verkies word nie, steeds aan sport deel te neem. Proewe is slegs die eerste stap in enige spankeuse. Gedurende die oefeninge en wedstryde gaan elke leerder se potensiaal weer evalueer word en daar kan veranderinge aan spankeuses plaasvind. Kom ons neem deel vir die genot, sosiale interaksie en persoonlike ontwikkeling van elke kind.

## TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

## LEERDER-PUNTE OP D6

Ouers kan die D6-toepassing aflaai ten einde toegang tot hul kind se akademiese punte, sowel as hul kind se demeriete- en merietepunte te verkry. Akademiese punte moet egter op 'n sekere wyse, volgens departementele voorskrifte en gewigte, aangedui word. Hierdie inligting is nog nie van die Departement van Onderwys af ontvang nie en daarom is daar nog geen punte van enige leerder op die D6 stelsel aangebring nie. Sodra die inligting beskikbaar is, sal dit dadelik ingelees word. U kan gerus die skool se webblad by www.wonnies.co.za besoek ten einde die D6-toepassing af te laai.

Indien u intussen enige navrae het rakende u kind se punte en vordering, kontak gerus die spesifieke personeellid via e-pos of die *Google Classroom*.

## OPEDAG: 20 APRIL 2021

**Voornemende Graad 8-Wonnies moet asseblief kennis neem van die Opedag. Weens die Covid-maatreëls mag die skool nie leerders na Die Hoërskool Wonderboom toe vervoer nie. Die skool kan egter op 20 April 2021 vanaf 13:30-18:30 besoek word.**

**Kom kyk gerus waar JY voetspore gaan los!**

**NS: Wonnie Graad 8-12**
**Jy hoef op 20 April nie skool toe te kom nie!**

## UITNODIGINGSVIDEO: OPEDAG 20 APRIL 2021

Gebruik gerus die volgende skakel (kliek hier) ten einde die uitnodigingsvideo vir die Opedag te bestudeer.

MNR LEZAR
SKOOLHOOF